



Finansies Beleid: Skep van nuwe kostepunte

Tipe dokument:	Beleid
Doel van die beleid:	Die beleid verskaf die riglyne ten opsigte van die skep van 'n nuwe kostepunt.
Goedgekeur deur:	Finansies Komitee
Goedkeuringsdatum:	9/13/2006
Implementeringsdatum:	2006
Datum van volgende Hersiening:	Soos nodig
Datum(s) van vorige Hersienings:	Geen
Beleideienaar¹:	Uitvoerende Bedryfshoof
Beleidkurator²:	Hoofdirekteur: Finansies
Sleutelwoorde:	Kostepunt, Kostepuntaansoekvorm
Geldende Weergawe:	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

¹ Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikhedsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

² Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

2.1

SKEP VAN NUWE KOSTEPUNTE**Beleidnommer: 032B/13/09/06****Bestek: Die beleid verskaf die riglyne ten opsigte van die skep van 'n nuwe kostepunt.****Beleid:**

- Wanneer 'n departement aansoek doen vir 'n kostepunt moet 'n kostepunt aansoekvorm deur die departement ingevul word, soos gevind op afdeling Finansies se webblad.
- Wanneer die aansoek terugontvang word moet die normale kostepunt aansoekvorm ingevul word deur die betrokke Rekenmeester by Afdeling Finansiële Dienste en deurgegee word aan die verantwoordelike persoon vir goedkeuring van kostepunte by Finansiële Dienste waarna Afdeling Finansiële- en Bestuurstelsels dit skep.
- 'n Outomatiese epos word aan die volgende persone gestuur sodra die kostepunt geskep word:

Verantwoordelike Persoon en Rekenkundige Beampte

Navraag programme:

Gebruikers: FFB244P

Gebruikers: FFB166P

Beamptes: FFB224P

Kostepunte per USnr

Kostepunt toegang per gebruiker

Om kostepunte per USnr na te slaan

- Nuwe kostepunte word gekoppel aan die persoon wat verantwoordelik is vir die kostepunt en nie aan die departementele voorsitter/dissipline hoof/uitvoerende hoof nie tensy dit 'n departementele kostepunt is. Indien die persoon nie oor 'n US nommer beskik nie word dit aan die departementele voorsitter/dissipline hoof/uitvoerende gekoppel.
- Geen Alfa/Numeriese kostepunte word meer geskep nie.
- Kostepunte ouer as 5 jaar mag hergebruik word. 'n Kostepunt aansoekvorm moet weer voltooi word ten opsigte van die naamsverandering en verantwoordelike persoon wysiging.
- Studentevereniging kostepunte: Die opening en sluit van alle SV-kostepunte sal slegs plaasvind met die goedkeuring van die SR-lid vir Verenigings.

Kontak afdeling:

Finansiële Dienste

Finansiële en Bestuurstelsels